NOORDWES PROVINSIE

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2010

# AFRIKAANS
# EERSTE ADDISIONELE TAAL
# EERSTE VRAESTEL

# MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.**

NASIEN VAN DIE BEGRIPSTOETS

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word by Huistaal en EAT gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir oop vrae word GEEN punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/ EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING vrae, word die punte verdeel; 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING **EN** 'n punt vir die rede/motivering/aanhaling.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **NIE GEPENALISEER** indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word, en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee/drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks word **SLEGS DIE EERSTE TWEEDE/DERDE** nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE **GEPENALISEER NIE**. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudige vrae word die letter aanvaar, sowel as die korrekte antwoord.

## AFDELING A: BEGRIP

### VRAAG 1

1.1 Monopoly word in 103 lande verkoop **(1)** en is in 37 tale vertaal **(1)** (2)

1.2 Parker Brothers. (1)

1.3 Met die internasionale weergawe koop die mense 'n stad in plaas van strate (2)

1.4 'n Wêreldwye stemveldtog is gehou. (1)

1.5.1 Onwaar (1)
1.5.2 "Week na week" (1)

1.6 Montreal/ Rika (1)

1.7 fantasties (1)

1.8 transaksieknop(pie) (1)

1.9 C / 'n baie hoë gebou. (1)

1.10.1 Onwaar (1)
1.10.2 En soos altyd beweeg Monopoly saam met die tyd/ daar is nou digitale weergawes van Monopoly .... beskikbaar wat jy op jou selfoon kan aflaai/ jy kan dit op jou Nintendo Wii speel. (1)

**[14]**

## VRAAG 2

2.1 Versekering (1)

2.2 innoverende (1)

2.3.1 Onwaar (1)
2.3.2 kontant uitbetaal (1)

2.4 B Afwagtend (1)

2.5 Dit waarop die vrou in die advertensie haar kontant-uitbetaling gaan spandeer. (1)

2.6.1 Onwaar (1)
2.6.2 "bel ons direk" (1)

2.7 Om die leser se aandag te vestig dat hy/sy iets uit die transaksie sal kry.**(1)**/ geld word uitbetaal as jy nie eis nie.
OUT vorm ook deel van die naam van die maatskappy en die leser sal die naam maklik herken en onthou.**(1)** (2)

2.8 Hulle het 'n webadres óf www.outsurance.co.za (1)

2.9 Daar is 'n "Trots Suid-Afrikaans" teken regs bo aan die advertensie. (1)
**[12]**

## VRAAG 3

3.1 Drie-uur Sondagoggend (1)

3.2.1 Onwaar (1)
3.2.2 sluip (1)

3.3 Die tante het hulle oor die kop geslaan omdat hulle so laat by die huis gekom het. (1)
**[4]**
**[30]**

NASIEN VAN OPSOMMING

**AFDELING B: OPSOMMING**

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Kandidate moet die opsomming in 'n paragraafaanbied:
  - • Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte. ('n Volsin het 'n werkwoord.)
- Beplanning is nie nodig nie. Indien dit wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui word. Indien nie aangedui nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate MOET die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken:
  - Feite: 7 punte
  - Taal: 3 punte
- Penaliseer soos volg:
  - Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. **Die res van die opsomming word geïgnoreer.**
  - Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie.**
  - **ELKE taalfout** (grammatika, spelling en punktuasie) in **ELKE sin (ook verkeerde sinne) word aangedui, getel en soos volg gepenaliseer**:

| | |
|---|---|
| 0 – 4 foute: | geen penalisering nie |
| 5 – 10 foute: | trek 1 punt af |
| 11 – 15 foute: | trek 2 punte af |
| 16 foute of meer: | trek 3 punte af |

- Vir **die getal sinne korrek** word daar soos volg vir taalfoute gepenaliseer:

| | |
|---|---|
| Geen sinne korrek: | geen punt vir taal |
| 1 – 2 sinne korrek: | maksimum 1 punt vir taal |
| 3 – 4 sinne korrek: | maksimum 2 punte vir taal |
| 5 – 7 sinne korrek: | maksimum 3 punte vir taal |

- Vir **direkte aanhalings** van sinne word daar soos volg gepenaliseer:

| | |
|---|---|
| 1 – 3 volledige sinne aangehaal: | geen penalisering nie |
| 4 – 5 volledige sinne aangehaal: | trek 1 punt af |
| 6 – 7 volledige sinne aangehaal: | trek 2 punte af |

- Indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die verkeerde getal woorde is aangedui, trek 1 punt aan die einde af.
- Dui die punte só aan:

**Feite (7)+ Taal (3) = (10)**

FOrmaat (– 0/1) Woorde (– 0/1) Aanhalings (– 1/2) = **PUNT**

**LET WEL:** Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

**TIPIESE TAALFOUTE**
- Woordorde in enkelvoudige sin (bv. O/werp + ww. + v/werp)
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Lydende vorm
- Infinitief
- Tyd, wyse, plek
- Dubbelnegatief
- Voornaamwoorde
- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)

Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.

FEITE
1. Moenie die ketel onnodig volmaak nie.
2. Jy moet jou warmwaterstelsel isoleer.
3. Moenie jou warmkombers langer as twintig minute aansit voor jy gaan slaap nie.
4. Jy moet 'n lysie maak van kruideniers wat jy nodig het voordat jy winkel toe gaan.
5. Jy moet klere kontant koop.
6. Moenie te veel wegneemetes koop nie.
7. Jy moet goedkoper medisyne gebruik.
8. Jy moet 'n selfoonpakket gebruik wat aan jou behoeftes voldoen.
9. Jy moet net koop wat jy nodig het.

**Enige 7** feite in paragraafvorm aangebied.

**[10]**

## AFDELING C: NASIEN VAN TAAL

**Spelling moet korrek wees.**

- Indien woorde met 'n hoofletter aangebied is, word dit as korrek aanvaar. Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.

## VRAAG 5

### WOORDSTRUKTURE

**Elke antwoord verdien een punt**

5.1 kinderkamer
5.2 bure
5.3 tuinakkertjie
5.4 genie
5.5 jou
5.6 winde
5.7 klink
5.8 bv.
5.9 doodgewone
5.10 'n
5.11 goeie/fantastiese
5.12 besighede
5.13 in
5.14 eggenote
5.15 naaste
5.16 besluitneming
5.17 gespanne
5.18 weet
5.19 horings
5.20 veertigste

(20)

## VRAAG 6

## SINSTRUKTURE

- **Eenwoord-antwoorde** word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is, maar ...
- in volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout **in die taalstruktuur** getoets word.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.

6.1 'n Balans tussen jou werk en jou gesin moet (deur jou) gehandhaaf word. (1)

6.2 Dit sal belangrik wees vir langtermynsukses. / Dit sal belangrik vir langtermynsukses wees. (1)

6.3 Gert Jordaan sê dat hy gereeld moet kan uitspan om sy batterye te herlaai. (1)

6.4 Omdat jou gesin jou nodig het, moet jy tyd saam met hulle spandeer. (1)

6.5 Volgens Gert behoort jy ingestel te wees op jou klante se behoeftes.(1)

6.6 Mense het nooit 'n keuse om ander produkte te gebruik nie. (1)

6.7 'n Entrepreneur evalueer daagliks sy sakeplan. (1)

6.8 Wat is die sleutel tot sukses? (1)

6.9 Dit verg vasbyt om as 'n nuwe entrepreneur te slaag. (1)

6.10 Baie mense het oor hulle eie besigheid gedroom. (1)

6.11 Kennis is die heel eerste ding wat jy moet verkry om jou onderneming te laat slaag. (1)

6.12 Gert sê: "Ek skryf my vir kursusse in om my kennis te verbreed." (1)

6.13 Jy moet goeie beplanning doen. (1)
(13)

## VRAAG 7

## KRITIESE TAALBEWUSTHEID

7.1 Dit beteken dat Afrikaans nie 'n taal is wat maklik deur nie-Afrikaanssprekendes gebruik word nie omdat dit moeilik op die tong is. (1)

7.2 Dit beteken dat hulle (Sanlam) aan die toekoms dink. (1)

7.3 Neem 'n mondvol van die medisyne drie keer per dag. (1)

7.4 Dit beteken dat jy baie kan sê in Afrikaans. (1)

7.5 D te sê wat in jou hart omgaan. (1)

7.6 Deur suiwer en kragtige Afrikaans te praat. (eie mening) (1)

7.7 Dit trek jou aandag, want as jy jou tong op 'n rasper gaan skuur, sal dit baie seer wees/'n mens skuur nie normaalweg jou tong op 'n rasper nie; dit sal pynlik wees. (eie mening) (1)

**[7]**
**[40]**

**TOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou